# GOUTIEKIE

KWARTAAL 2 | UITGAWE 2 | JULIE 2023 | GOUDVELD-HOËRSKOOL | TEL: 057 352 7187 | VIND JOU PLEK!

# DERBY-TYD IN GOUTIELAND






# DERBY 2023 UITSLAE

***Ryan Martin*** Derby-tyd is 'n opwindende tyd in Goutieland! Die goeie gees is tasbaar en vir dié week is Goutiewees pure pret en plesier! Gouties het hul weereens goed van hul taak gekwyt en die sportmangees en kameraadskap tussen die spelers was iets waarop elke Goutie kan trots wees! Hier volg die uitslae:

**NETBAL**

Ons 1ste-span wen oortuigend met 'n mooi telling van 55-23! Wat 'n skouspel was dit nie! Die doele het gesink toe dit moes en elke liewe speelster het haar bes gedoen tot die eindfluitjie geblaas het! Welgedaan meisies!

Ons 2de-Span wen ook 19-12. Hierdie was 'n tawwe wedstryd, maar die Goutie-meisies het volhard en uiteindelik die wedstryd gewen!

Die 3de-span wen gemaklik met 'n telling van 24-9. Ek dink nie ek het een van hulle eers sien moeg word nie.

Die 4de-span spog ook met 'n oortuigende wen van 22-13. Welgedaan!

Ons 0/16 A-span sorg vir 'n naelbyt-wedstryd en wen ook met 'n mooi telling van 21-17.

Ons 0/15 A-dogters sorg vir 'n mooi wedstryd en wen 22-16.

Die 0/14 A-span speel gelykop 20 elk!

Ons is dankbaar vir elke dogter wat haar bes probeer het, maar wat nie die knoop kon deurhaak nie. Ten minste het julle probeer en nogsteeds ons naam hoog gehou! Aanhouer wen! Volgende jaar het ons weer 'n kans.

0/16B : 16-24, 0/15B : 8-12, 0/14B : 14-15, 0/14C : 0-22

Die 0/15C span kry hul liga punte aangesien Gimnasium nie 'n span gehad het om teen hulle te speel nie.

Ons is trots op elke liewe dogter, wen of verloor, julle het ons trots gemaak!

Ons is bitter trots op ons 0/15 A-span en die 0/15 B-spanne! Hulle wen 19-15 en 24-7. Baie geluk, julle het ons naam hoog gehou

**RUGBY**

Die 1ste-Span verloor met 'n telling van 17-41. Elke speler het sy bes gegee en in my hart voel dit of die telling eerder andersom kon gewees het! Ek is bitter trots op elke speler en ons Gouties het bankvas gesit en kyk tot die einde. Nie een speler het ooit mismoedig geword of opgegee nie. Dis definitief kwaliteite wat elke man trots op kan wees!

Die 2de-span verloor 3-47, die 3de-span 3-19, die 0/16-span 15-17 en die 0/14-span 5-22. Die gees tussen ons spelers en hul goeie gedrag maak op vir die verloor. Van die wedstryde was naelbyt-amper-wenne! Ons bly trots op elke speler!

**HOKKIE**

1ste -Meisies wen weereens oortuigend met 'n telling van 3-0. Julle maak ons altyd trots!

2de- Meisies werk hard tot aan die einde en eindig gelykop met 1-1.

0/16 – Meisies wen 1-0, met tawwe kompetisie!

0/14- Meisies eindig gelykop, 0-0.

1ste -Seuns verloor 0-2, in 'n baie tawwe wedstryd. Elke speler het tot aan die einde hard bly speel en ons is baie trots op julle!

3de Meisies verloor 0-1 in 'n vriendskaplike wedstryd.

2de Seuns wen 2-0. Welgedaan manne!

Ons wil graag ons dankbaarheid uitspreek teenoor elke afrigter wat altyd meer insit as wat nodig is. Julle rig ons nie net af nie, maar ondersteun en motiveer ons ook in elke opsig! Ons is opreg dankbaar vir elkeen van julle!

Aan elke Goutie-Ondersteuner, dankie, uit ons harte uit vir jul ondersteuning, wen of verloor. Daar is net een Nr. 1!




# DIE MATRIEKS SE AKADEMIE VANG SPOED!

***Annche Zwarts*** Die krities belangrike Junie-eksamen wink dreigend op die Matrieks se horison. Daar is deesdae 'n senuweeagtigheid onder die Graad 12's te bespeur; miskien moes hulle 'n bietjie meer op hulle akademie gefokus het…

Gelukkig het Goudveld se onderwysers 'n plan beraam – eintlik meer soos 'n ons-gaan-die-beste-uit-jou-uit-kry-plan. 'n Akademiemeesterplan!

Goudveld se Matriekonderwysers sit al 'n geruime tyd ekstra moeite gedurende pouses en na-ure in om ekstra klasse aan te bied. Hulle is gemotiveerd om te verseker dat elke leerder die beste moontlike voorbereiding vir die Rekord-eksamen sal ontvang. Mens kan dit sommer in hulle oë sien – die tyd vir speletjies is nou verby!

Ons wens die matrieks alle voorspoed toe vir die komende eksamen. Hou vas aan Goudveld se leuse - Streef! Werk! Oorwin! - dan sal julle suksesvol wees.



# 'N SKAAKSPEL VIR DIE BOEKE

***Kyla Prinsloo*** 'n Wedstryd vir die boeke, nie rugby óf netbal óf hokkie nie, maar skaak. Dr. Stolk, ons eie adjunkhoof van Goudveld-Hoërskool, het vir Nina Schonken, 'n graad 12 leerder, asook die kaptein van ons eeste skaakspan uitgedaag vir 'n skaakspel.

"Eks baie opgewonde om teen Dr Stolk te speel, want hy is baie ervare en het baie kennis oor baie gebiede, insluitend skaak! Ek dink dit gaan een vir die boeke wees en ek is baie opgewonde om teen hom te speel," sê Nina. Sy dink dat hulle albei baie daaruit gaan leer en sê dat dit beslis iets gaan wees wat sy vir die res van haar lewe gaan koester.

Die spel gaan definitief baie uithouvermoë en konsentrasie neem. Nina sê ook dat sy so uitsien om die uitdaging aan te pak! "Ek het nooit in 'n miljoen jaar gedink dat Dr Stolk my sou daag en teen my sou wou speel nie, veral nie voor die hele skool nie. Ek dink ek is baie bevoorreg om deel van hierdie wedstryd te wees," vertel Schonken. Wie het gedink dat so 'n spel ooit by Gouties sal plaasvind?

Die datum vir die opwindende spel is nog nie gestel nie, maar dit gee meer tyd vir voorbereiding. Ons Gouties wag in spanning en is baie opgewonde om die spel te kyk.



# GOUTIES IN DIE KOLLIG OSCARS 2023




***Hanco de Beer*** Op 16 Maart 2023 het die graad 11's n suksesvolle Oscaraand aangebied. Soos wat die tradisie is, is verskeie leerders in 28 kategorieë genomineer. Die tema van díe aand was "Super heroes en -villains", dus was al die kategoriëe volgens die tema aangebied. Tydens die aand is Goudveld se "Hulk" tot "Captain America" onthul. Die eerstespanne sowel as Goutie ouers het die genomineerde leerders kom ondersteun. Die Oscaraand is afgesluit met ń geesvangsessie soos net die Gouties kan!

# AS JY VIR GOUTIES SÊ PRAAT, DAN PRAAT ONS

***Jaco de Bruyn*** Vanjaar se ATKV-redenaarsbyeenkoms het plaasgevind op 5 Mei by Trio Primêr in Kroonstad. Deelnemers moes een uit die drie beskikbare temas kies, naamlik hitsmerk, angel en kruispad vir juniors,en inklusief, bemagtig en ideologie vir seniors. Daarna moes hulle hul eie onderwerp vorm wat by die tema pas en hul toespraak rondom dit bou. Gouties het 14 deelnemers na die byeenkoms gestuur. Weens ons skool se grootte is dit die maksimum aantal deelnemers wat gestuur mag word. Dit was die eerste keer dat die maksimum hoeveelheid Goutie-toesprake by 'n ATKV-redenaarsbyeenkoms gehoor is; beslis 'n uitstekende prestasie.

Vanjaar se byeenkoms was soos oudergewoonte propvol uitmuntende toesprake, en die Gouties het 'n groot getal daarvan uitgemaak. Dit was waarlik 'n trotse dag vir ons skool.



# MENEER EN MEJUFFROU GOUDVELD

***Michelle Koekemoer*** Op 4 Mei 2023 het die Gouties hulle jaarlikse Mnr en Mej Goudveld kompetisie gehad waarin 20 juniors en 20 seniors deelgeneem het. Daar was 2 rondtes wat plaasgevind het, informeel en formeel. Tydens die informele rondte het die deelnemers meer van hulself vertel, en tydens die formele rondte moes hulle meer op hulle voete dink en 'n vraag beantwoord. Hierdie uitdaging was glad nie te groot vir ons wenners: Nadia Myburgh (Mej Goudveld Snr) Christo Swanepoel (Mnr Goudveld Snr), Nigella Siebert (Mej Goudveld Jnr) en Tshepo Manenye (Mnr Goudveld Jnr) nie. Daar was ook pryse soos Mnr en Mej persoonlikheid wat Jaco de Bruin en Ilke de Klerk verower het, Mnr en Mej fotogenies deur Lara Badenhorst en Kayden Pienaar. Nadia en Christo het 8 Mei op die radio op Gold FM verskyn waar hulle n vasvrae kompetisie gehad het. Nadia Myburgh het ook op 20 Mei, by die Jaarlikse Derby teen Gim, sjampanje gedrink saam met Gimnasium se Mej Gimmie.









# IZE NEL – MEISIE VAN YSTER

***Larissa Visagie*** Trotse Goutie, Ize Nel(15), het op 1 Februarie in Pretoria aan Tuks Top 10 deelgeneem. Ek het haar 'n paar vrae gevra oor haar passie vir atletiek.

**In watter items het jy deelgeneem?**

Ek het in gewigstoot en hamergooi deelgeneem.

**Wat was jou reaksie toe jy uitgevind het dat jy aan die top 10 in Pretoria Gaan deelneem?**

Ek kon dit nie glo nie! Ek was so verbaas maar ook baie opgewonde.

**Hoe het jy gevoel toe jy in die sirkel staan en reg maak om te gooi?**

Ek was baie op my senuwees maar het geweet ek kon dit doen want ek het baie hard geoefen.

**Watter prestasies het jy bereik?**

Ek het derde gekom in hamergooi en ek was in die top 15 van gewigstoot

**Hoe lank doen jy al hamergooi en gewigstoot?**


Ek doen hamergooi al vir 3 jaar en gewigstoot vir 6 jaar.

**Watse raad gee jy vir jonger atlete?**

Doen als voluit en sê nooit nee.




# VINNIGE VRAE: JUFFROU SUNA NEL



***Ethan McMaster*** Juffrou Nel is 'n onderwyser by Goudveld-Hoërskool. Die redaksie het besluit om vir haar 'n paar vinnige vrae te vra.

**Aan watter universiteit het Juffrou studeer?**

Ek het aan die Universiteit van Stellenbosch my onderwysstudies voltooi (Baccalareus in onderwys).

**Wanneer het Juffrou besluit om 'n onderwyser te word?**

In graad 2 het die onderwyser ons gevra wat ons eendag wil word en ek het gesê ek wil 'n onderwyser wees.

**Hoekom het juffrou daarop besluit?**

Ek het 'n passie vir onderwys, om vir kinders kennis oor te dra en het oor die algemeen 'n liefde vir kinders!

**Wat het juffrou laat besluit om Goudveld as 'n tuiste te kies?**

Die kinders in hierdie skool is vriendelik en het respek. Hulle is die tipe kinders waarmee ek my wil omring en waarvoor ek my kennis wil oordra. Goudveld is 'n uitstekende skool en ek het 'n liefde vir dié skool en sy kinders ontwikkel.

# Goutie krieketspelers presteer

***Ryan Martin*** Gouties se 1ste Krieketspan se kaptein en onderkaptein, Ruben Crous en Hendro Boardman, is gekies vir die Suid-Afrikaanse Platteland o/19 span wat in Indië gaan toer het, in April.

Die twee het die skool se naam hoog gehou en bygedra tot die span se suksesse. Ruben is aangewys as die kolwer van die toernooi en Hendro het ewe goed presteer as kolwer en bouler. Die 1ste span afrigter, Tshepo Masheshemane, beter bekend by ons almal as "Mash", was ook gekies as die SA o/19 Platteland-span se afrigter.

Die drie manne kon die kultuur van Indië beleef. Hulle het tussen die krieket darem tyd gekry om toeriste aantreklikhede soos die Taj Mahal en Red Fort te besoek. Die ervaring wat hulle opgedoen het sal vir seker vir hul span tot voordeel wees wanneer die nuwe seisoen begin.

Hulle is dankbaar vir die geleentheid om hul krieket-loopbaan te bevoordeel en ons is bitter trots op die twee spelers en afrigter wat Goudveld se naam in die krieketkringe hoog hou!



# Gouties Rugby–vir die liefde van die spel

***Tshwaro Mokgage*** Die rugbyspelers van Goudveld-Hoërskool het vroeg begin om gereed te maak vir die seisoen met voorseisoen oefeninge waar hulle hard gewerk het aan hulle fiksheid en vaardighede. Vanaf die 31ste Januarie tot die 6de Februarie het die hardwerkende afrigters proewe aangebied waar die spelers hulle vaardighede vir die spel kon uitbeeld.

Die skool neem vanjaar in 2 liga's deel, die Sentrale Wesgrow liga en die Griffons A-Liga Hoërskole waar hulle teen groot skole soos Hoërskool Trio, Bethlehem Voortrekker Hoërskool en hulle buurskool Welkom Gimnasium te staan kom.















# TALENTVOLLE KUNSTE AKADEMIE

***Ryan Martin*** Die GKA het talle talentvolle deelnemers opgelewer in die "Talent Africa" en "Stars of the Universe" kompetisie! Die inisiatief word deur FPASA (Federation of Performing Arts South Africa) ondersteun.
Deelnemers kon in verskillende afdelings deelneem in hul provinsie. Die top kandidate het dan deurgedring na die nasionale afdeling. Die land se top kunstenaars neem dan internasionaal deel aan die "Stars of the Universe" kompetisie.

**Talent Africa Nasionale rondte.**

Die GKA se kunsskool het tydens 2022, vyf en twintig kunswerke ingeskryf vir Talent Africa se Nasionale rondte onder die "Kreatiewe Kunste" katagorie wat tekenkuns, skilderkuns, fotografie en beeldhoukuns insluit.
Van die vyf en twintig inskrywings het hul die volgende toekennings verwerf:
Brons : een medalje
Goud (80% -84%): ses medaljes
Platinum (85%-89%): veertien medaljes
Diamand (90% en hoër): vier medaljes
Verder is vyf van die juniors en vier van die seniors in die "TOP 5"van Suid-Afrika.
Christine Bekker wen die Junior Kreatiewe Kunste kategorie en Lené van Lingen wen die beste tegniek in die Junior Kreatiewe Kunste kategorie.
Ryan Martin, Cadi Fourie en Melissa Ross is 3 studente van Goudveld Hoërskool wat onder die top 5 in Suid-Afrika eindig in die senior Kreatiewe Kunste kategorie. Josh Hewitt kry die Beste Konsep-toekenning in die Senior Kreatiewe Kunste kategorie en Melissa Ross deel die beste senior toekenning in die Kreatiewe kunste kategorie.



***Kaydene Keyser (Gr 5)***



***Keegan Keyser (Gr 2)***

**Talent Africa "Stars of the universe" internasionale rondte.**

GKA se kunsskool het aan die einde van 2022 sestien kunswerke ingeskryf vir Talent Africa se Internasionale rondte onder die "Kreatiewe Kunste" kategorie (wat tekenkuns, skilderkuns, fotografie en beeldhoukuns insluit).
Van die sestienkunswerke word die volgende toekennings verwerf:
16 Goue medaljes.
Amy Castro wen 'n 2de plek in die wêreld in die Junior Kreatiewe kunste kategorie vir haar tekening.
Ryan Martin wen 'n 2de plek in die wêreld in die Senior Kreatiewe kunste kategorie vir sy fotografie inskrywings.
Melissa Ross wen die Senior Kreatiewe kunste kategorie vir haar skets.
Dié deelnemers ontvang dan hul Suid-Afrikaanse kleure vir hul kuns.



***Alexi van Staden (GR 5)***



***Christine Bekker (Gr 7)***



***Danielle van Staden (Gr 1)***



***Josh Hewitt (Gr 10)***





***Nathan Roderigues (Gr 11) Fotografie***



# VERANDER LEWENS MET PASSIE

***Lara Bardenorst*** Vandag se jeug is môre se toekoms..

Die druk wat vandag se tieners ervaar het ‘n enorme impak op hul lewens. By Goudveld se VCSV streef ons daarna om n veilige hawe en ‘n plek van bemoediging vir ons skoolliere te skep.

Ons hoof by die VCSV, Juffrou Daphne de Beer is ‘n ware engel in ‘n mens figuur. Met haar passie vir die Here en haar medemens, inspireer sy ons almal.

Goudveld se VCSV is nie soos enige ander nie. Daar word gereeld gassprekers genooi om ons leerders te bemoedig en versterk, asook gereelde “Praise and Worship” sessies, waarna al die Gouties uitgenooi word, gehou.

Elke Woensdag voor pouse word daar ‘n afsonderlike periode aan die VCSV toegewei,waar die senior-en junior kringleiers groepbesprekings met hul groep voorhou. Hier word vertroue beoefen en by mekaar geleer. Elke Goutie het die kans om verhoudings te vorm met hul medemens en word die kans gegun om hul verhouding met God te versterk. Soos die gasspreker Albert aan ons meëgedeel het “Versterk jou gees wat die ‘hart’ van ons lewe is , want alles vloei daaruit.”

Goudveld VCSV staan vir mekaar , ons staan saam met mekaar en streef daarna om lewens te verander met passie want vandag se jeug is more se toekoms.

ONS IS DIE VERSKIL













# GOUTIE HOKKIESPELERS IN NFS SPAN


***Mianique Lombard*** Sewe van Goudveld se leerlinge is gekies vir die 0/18B NFS hokkiespan wat vanaf 11 tot 15 Julie saam met hulle afrigter, Juffrou Roxy Siebert na Nelspruit getoer het. Dit was vir elkeen van die meisies 'n baie groot voorreg om deel te kon wees van die span. Kay-Lee Hall is aangewys as die kaptein. Hierdie geleentheid het beslis gehelp om ons spel te verbeter en ons talente uit te leef. Ons afrigter het 'n groot rol gespeel in ons ontwikkeling as spelers. Bianca Pieterse is slegs 15 jaar oud en Mianique Lombard en Dimpho Thekisho 16 jaar oud. Die span het agtste geeindig en dit is voorwaar iets om op trots te wees!



Van links: Kay-Lee Hall, Mienke Niewenhuis, Mianique Lombard, Kaitlin van Kraayenburg, Juf. Roxy Siebert, Machel Luddick, Bianca Earle, Dimpho Thekisho

# GOUTIE NETBAL KOOK!

Nonnie Mjaliswa en Ilke de Klerk het vanaf 10 tot 14 Julie by DF Malan Hoërskool in die Kaap aan die Nasionale SASN Telkom Kampioenskappe deelgeneem Nonnie word gekies as die algehele beste o/18 speler van die Suid-Afrikaanse toernooi. Die prestasie is briljant! Sy is ook deel van die Top 12 o/19 Spelers wat in Desember gaan toer. Ilke de Klerk word gekies as een van die Top 35 0/18 spelers op die toernooi.












# URBAN PIENAAR TOER NA FRANKRYK

Urban was tydens die Julie-vakansie deel van die Barbarian Rugbyspan wat aan die o/19 VKB week in Reitz deelgeneem het. Die span het onoorwonne uit die stryd getree. In die wedstryd teen Suid-Natal behaal Urban 'n "Hat-trick" (3 drieë na mekaar) en hy word as speler van die wedstryd aangewys. Hy word ook aangewys as die beste speler in sy posisie en word gekies vir die VKB span wat in Desember na Frankryk toer.











GOUTIEMAN NR.2 DAWIE BOTES
GOUDVELD






GOUTIEMAN NR.2 DAWIE BOTES
GOUDVELD






GOUTIEMAN NR.2 DAWIE BOTES
GOUDVELD






GOUTIEMAN NR.2 DAWIE BOTES
GOUDVELD